

Hermann Friedrich Kohlbrugge (1803-1875)

Deur Christus alleen

Dr AH Bogaards



1 INLEIDING

Daar was eenmaal 'n dominee wat getuig het: "Sonder kansel, sonder prediking, kan ek nie lewe nie". Om te preek was sy lus, sy liefde, sy lewe. Tog is hy aan alle kante die kansel verbied.

Wie was hierdie man en wat was sy probleem? Sy naam was Hermann Friedrich Kohlbrugge en sy probleem was sy boodskap: die mens 'n nul en Christus alles. Dit het hom 'n dwarslêer gemaak in 'n tyd waarin die mens met sy deugde en goeie werke hoog aangeskryf is.

Kohlbrugge se hele lewe was een van verset teen die gees van sy tyd en 'n opkom vir Christus alleen. Dit was sy groot lewenstryd. Dit is dan ook nie vreemd dat hy soveel teenstand gekry het nie. Sy opponente kon dit nie waardeer dat hy hulle afgodjie, die mens met sy wonderlike vermoëns, aan skerwe slaan om in die plek daarvan Christus, alleen te stel nie. Sy lewe lank - en tot op hede - is hy daaroor verguis, misverstaan en teengestaan.

Kohlbrugge - hy was die man wat van die mens se poging om deur goeie werke die Wet te vervul en die saligheid te verdien, verklaar het: "Werp julle heiligingskrukke ver van julle af weg. Daarmee sal julle nooit die berg Sion opkom nie (Ps.24)". Hy was die een wat gesê het: "Bind u naam, u bekering, vroomheid en heiligheid, in kort alles, bymekaar in 'n bondeltjie en gooi dit daar waar dit hoort: aan die voete van die duiwel. En so arm en naak soos Adam in die paradys, luister na die evangelie van

God, wat verkondig wat Eén (Christus) gedoen het vir almal, vir u, hoe Hy die slang se kop vermorsel het". Vergeet van al u goeie werke, wil hy daarmee sê. Steun alleen op dit wat Christus in u plek gedoen het om die Wet te vervul en die duiwel te oorwin.

Maar ek loop die verhaal vooruit.

2 GEBOORTE EN JEUGJARE

Hermann Gerhard Kohlbrugge, vader van Hermann Friedrich, het in 1800 na Nederland geëmigreer. In die dorpie Edam het hy hom as seepfabrikant gevestig. Daar het hy Petronella Teerhuys leer ken en met haar in die huwelik getree. Na hulle huweliksvoltrekking het hulle na Amsterdam verhuis. Daar is hulle eersteling, Hermann Friedrich, op 15 Augustus 1803 gebore.

Verskillende persone het 'n groot invloed op die jeugdige Kohlbrugge gehad.

Veral sy **grootmoeder** aan moederskant, Anna van der Horst, het 'n groot rol in sy geestelike vorming gespeel. Hy noem haar sy Loïs (2 Tim. 1:5). Deur haar onderrig het hy diep onder die indruk van sy eie totale verlorenheid gekom. So sterk is sy aandag op daardie stadium al deur Christus aangegryp, dat hy meer sin in Hom gehad het as in sy speelgoed en dit sê baie vir 'n kind!

Van sy **vader** het hy geleer dat Moses die beste persoon was om hom rond te lei in sy Koning se Paleis. Daarmee het sy vader bedoel dat die vyf boeke van Moses die sleutel is tot die verstaan van die hele Bybel. By sy vader het hy dus al die ontsaglike belangrike les geleer dat die Ou Testament van Christus getuig.

Kohlbrugge se katkisasie-leermeester in die Herstelde Lutherse Gemeente was ene **J.F. Schultze**. Aan die hand van die geskiedenis van groot manne soos Dawid het hierdie onderwyser alreeds die saad by Kohlbrugge gesaai dat die mens tot niks deug nie en dat ons heil slegs Christus se werk is.

3 ONDER DIE INVLOED VAN DIE TYDSGEES

In 1821 het hy klassieke tale, letterkunde en teologie begin studeer. Veral in Hebreeus en Arabies het hy uitblink. Dié kennis sou hom in sy latere studie van die Ou Testament goed te pas kom.

Ongelukkig het hy in daardie tyd onder die invloed van heidense geskifte gekom. Hy het alle behae begin skep in heidense wysheid en deug, in Joodse godsdienstigheid en

eiegeregtigheid. Sy aandag het verskuif van Christus alleen na die mens met sy deugde.

Op 12 Maart 1825 tref 'n swaar slag Kohlbrugge: sy vader sterf. Hoe moeilik dit egter ook al was, God sou uit hierdie gebeurtenis vir Kohlbrugge die goeie laat voortkom: dit sou hom weer na God terugbring. As dit nie daarvoor was nie, so getuig hy later, sou hy sekerlik 'n Baälpriester en sielsverleider geword het.

Tog het die kentering nie dadelik gekom nie.

Hy begin nou privaatlesse gee om so te kan voorsien in die lewensbehoefte van sy moeder en die ander kinders. In die proses het hy onder die invloed gekom van die valse mistiek, die mense wat buite die Woord om met God gemeenskap wou beoefen.

4 SY "EERSTE BEKERING": NOG GEEN BREUK MET DIE TYDSGEES NIE

Op 7 November 1825 lewer hy sy eerste preek. Sy teks was Romeine 5:1.

In dié tyd - toe hy besig was met die voorbereiding van sy eerste preek - vind sy "eerste bekering" plaas.

Helaas was dit nog nie 'n ware bekering, dit wil sê 'n bekering tot *Christus alleen* nie, want hy vertel self dat hy toe nog nie die Wet uit eie hande gegee en heeltemal oorgegee het in die hande van Christus nie. Eers later sou die tyd kom dat hy sou sê: "Hou u hande van die orrel (die Wet) van my Here Christus af! U het nie geleer (orrel) speel nie! Hou u hande van God se Wet (sy orrel) af, want u het nie die vermoë om self slegs een jota of tittel daarvan te doen nie!". Laat die vervulling van die Wet oor aan Christus. Laat Hy die saligheid vir u verdien.

5 PROPONENT IN DIE HERSTELDE LUTHERSE GEMEENTE: BEGIN VAN DIE STRYD TEEN DIE TYDSGEES

Op 19 Oktober 1826 lê Kohlbrugge die proponentseksamen af en op 1 Februarie 1827 word hy bevestig as hulpprediker in die Herstelde Lutherse Gemeente in Amsterdam.

Helaas het die tydsgees ook nie by hierdie kerk verbygegaan nie. Een van die dominees, D.R.Uckerman, was deurdronge van die moderne teologie.

Baie gou het daar konflik tussen hom en Kohlbrugge gekom. Uckermann het naamlik op 13 Mei 1827 gepreek oor Johannes 16:5-15. Dit was 'n preek wat deurdrenk was van die gees van die tyd.

Kohlbrugge het dadelik 'n beswaarskrif ingedien. Daarin wys hy onder andere op die verswyging van Christus in Uckerman se preek: dit sê niks daarvan dat 'n sondaar deur die geloof alleen regverdig word nie. Van Jesus Christus as die enigste grond van die geloof en die mens se totale onvermoë tot enige goed staan daar niks nie. Die grootste gedeelte van die leerrede is gegrond op 'n sedelike verbetering deur eie wil en krag.

Die aanklag was die vonk in die kruitvat. Die kerkraad het geëis dat Kohlbrugge sy besware onvoorwaardelik moes herroep. Toe hy weier, is hy op 22 Julie 1827 as proponent afgesit.

Dit is duidelik dat Kohlbrugge juis oor sy *Christus*-belydenis afgesit is. Aan Cato Engelbert, die vrou met wie hy in sy eerste huwelik sou tree, skryf hy: Word die mens en sy eiegeregtigheid platgeslaan en Christus gepreek, staan wêreld en duiwel, konsistorie (kerkvergaderings) en prelate (kerkleiers) op en hits mense aan om sulke getuies te kruisig.

6 SY PROEFSKRIF: 'N SLAG NA DIE TYDSGEES

In 1828 gaan hy na Utrecht om sy proefskrif te skryf. Dié sou handel oor Psalm 45.

Juis in daardie tyd het hy lank siek geword. Hierdie beproewing sou egter ryk vrugte dra, want in die geestelike krisis wat daarmee gepaard gegaan het, is Kohlbrugge, na sy eie getuienis, deur die Here in die profesieë ingelei. Daarmee bedoel hy: dwars teen die oorheersende opinie van sy eeu het hy leer verstaan dat die Ou Testament van Christus getuig. Dit verkondig volgens hom ook nie 'n Christus wat ons maar net leer om goeie werke te doen nie. Inteendeel, vir Kohlbrugge getuig die Ou Testament van Christus as die Een wat as Borg ons sondes sou dra.

By sy terugkeer na Utrecht het hy hierdie opnuut ontdekte insig in sy proefskrif verwerk: hy verklaar Psalm 45 so dat dit handel oor Christus en sy bruid, die kerk, en nie, soos geleerdes in sy dae gemeen het, dat dit slegs 'n Oosterse bruilofslied oor Salomo was nie.

Natuurlik was die professore glad nie ingenome met so 'n proefskrif nie. Hulle het Kohlbrugge se opvatting verouderd en onwetenskaplik gevind. So 'n proefskrif sou 'n skande vir die universiteit wees, het een gemeen. Hy moes liever 'n ander proefskrif skryf. Kohlbrugge se antwoord was: "Ek skryf nie 'n ander een nie. Dan moet julle my liever laat druip". Die proefskrif was egter so goed dat hy uiteindelik met onderskeiding geslaag het. Op 4 Junie 1829 het hy sy doktorsgraad ontvang.

Maar Kohlbrugge het ook meer as net 'n doktorstitel ontvang vir sy besondere uitleg van Psalm 45: 'n vrou! Catharina Louisa Engelbert, sedert 1825 aan Kohlbrugge verloof, was wees. As gevolg van omstandighede het sy onder toesig van haar ouma gekom. Op die dag van sy promosie het Cato se grootmoeder hulle die ja-woord gegee. Dit het so verloop: toe sy van Cato verneem dat Kohlbrugge Psalm 45 verdedig as Psalm oor Christus en sy bruid, die kerk, het sy gesê: as Kohlbrugge as doktor terugkeer, kan jy hom gelukwens en sê dat julle maar mag trou, want as hy Christus en sy bruid so verdedig en hom daarvoor nie skaam nie, skaam ek my ook nie vir hom nie.

Op 30 Julie 1829 het Kohlbrugge met Cato in die huwelik getree.

7 SY AANSOEK OM TOELATING TOT DIE HERVORMDE KERK: DEUR DIE TYDSGEES AFGEWYS OOR SY CHRISTUS-PREDIKING

Algaande het Kohlbrugge oortuig geraak van die gereformeerde leer, onder ander die oor die uitverkiesing. Daarom het hy in Januarie 1830 aansoek gedoen om lidmaatskap van die Hervormde Kerk te Utrecht.

Wat daarop gevolg het, was 'n lydensgeskiedenis. Hy is van een kerklike outoriteit na die ander gestuur, maar lidmaatskap is hom nie toegestaan nie. Hierdie hele drama het amper drie jaar geduur.

In gesprek met 'n dominee Van Slogteren, een van die predikante, het die aap uit die mou gekom: Van Slogteren was nie tevrede met Kohlbrugge se beskouing oor Christus en sy werk nie. Daarom het hy vir Kohlbrugge gesê: "Ons het verdedigers soos jy nie nodig nie". Aan die einde van die gesprek het Van Slogteren reguit vir hom gesê: "Ons moet rus hê in die kerk!!" Kohlbrugge met sy Christus-prediking en sy verkondiging dat die mens niks kan nie, sou net onrus stook in 'n kerk wat vas oortuig was van die besondere vermoë van die mens.

In 'n brief aan sy moeder in hierdie tyd skryf hy: As die Gees die mens in sy hart aangryp en dit vermorsel met die geweldige hamer van die Wet, dan kom die belydenis dat die mens niks is en niks het en niks wil en niks kan nie. Dan kom waaragtige besef van sy geestelike armoede. In 'n ander brief bely hy: Wie waarlik na die Here toe kom as 'n arm sondaar, 'n bedelaar, bewus van sy totale armoede en kragteloosheid en dat hy die oordeel van God verdien, so iemand word versadig met genade op genade uit die volheid van Christus, die Geneesheer en Heiland van sondaars en nie regverdiges nie.

Op 12 Februarie 1833 tref nog 'n slag Kohlbrugge: die dood van sy vrou.

8 SY "TWEEDE BEKERING": VOLLEDIGE BREUK MET DIE TYDSGEES

In 1833 het Kohlbrugge, ter wille van sy gesondheid, na Elberfeld in Duitsland vertrek.

Duitsland was die land van Luther, een van die brandpunte van die Reformasie van die sestende eeu. Van daardie roemryke verlede was egter nog net 'n skadu oor. Ook hier het die teologie verval in moralisme en verstandsgodsdiens.

Elberfeld en die omliggende Wuppertal het egter 'n gunstige kontras met die res van die land gevorm. Deur God se genade is die ou beproefde, gesonde en suiwer leer nog verkondig. Tog het mensverheerliking in die vorm van gevoelsgodsdiens ook daar begin kop uitsteek

'n Preek in die tyd oor Psalm 45 begin hy so: God maak sy heiliges heeltemal tot niet, sodat Hy alleen in hulle groot sal wees. Hy maak hulle geheel en al leë vate, om ons alleen uit sy volheid heeltemal te vul.

'n Aanhaling uit 'n brief van Kohlbrugge in dieselfde tyd laat hom ook sien as pastor. Op 'n sekere dag het 'n man uit Nassaue, nog met stof en sweet bedek vanweë die lang en uitputtende reis, by hom in Elberfeld aangekom. Hy wou by Kohlbrugge weet wat hy moes doen om salig te word. Daarop het Kohlbrugge hom geantwoord dat hy maar weer huis toe moes gaan, uitrus en dit aan die lewende God moes vra. Dié sou hom dan leer dat dit nie afhang van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is (Rm.9:16). Daarmee het Kohlbrugge die man heeltemal weggewys van homself en hom heengewys na God se ontferming alleen.

Daar in Elberfeld het 'n drastiese innerlike verandering by Kohlbrugge plaasgevind, sy "tweede bekering".

Weer, soos by sy "eerste bekering", het dit gebeur tydens die voorbereiding van 'n preek en weer was dit 'n vers uit die Romeine-brief (7:14). Net soos in die geval van Luther en Calvyn sou Romeine in sy teologiese vorming 'n beslissende rol speel.

Na sy "eerste bekering" , sê Kohlbrugge, het hy lank probeer om die Wet self te vervul, in plaas daarvan om sy verlossing in God se hand alleen te laat. Die enigste vrug daarvan was egter dat hy al dieper weggesink het in 'n gevoel van totale verlorenheid. Hy was raadop. Toe het God ingegryp. Sy aandag is op die Lam alleen gevestig en die vrug daarvan was dat hy afstand gedoen het van die Wet en van alle heiligheid. Daarmee bedoel Kohlbrugge sekerlik nie dat hy toe opgehou het om te leef volgens die Wet nie. Wel wil hy daarmee sê dat hy al sy heil nou alleen in die Lam gesoek het. Alle ander dinge (wetswerke) het hy, net soos homself, geag as stof en nul.

Goeie werke het hy dus nou as van nul en gener waarde beskou in die verkryging van die saligheid.

9 SY PREEK OOR ROMEINE 7:14: DIE MENS VERNEDER, CHRISTUS VERHEERLIK

Daar in Elberfeld het Kohlbrugge sestien keer gepreek, maar die preek oor Romeine 7:14 is die bekendste. Dit het hom beroemd en berug gemaak. Dit was juis na aanleiding van hierdie preek dat hy uitgekryt is as 'n antinomiaan (iemand wat sê dat 'n Christen nie meer die Wet hoef te onderhou nie, omdat Christus dit in ons plek gedoen het).

Hy het die teks eers so geles: "Ek is vleeslik verkoop onder die sonde". In sy eksegeese het hy egter tot 'n verrassende ontdekking gekom: na die "vleeslik" moet 'n komma staan!

Waaroor gaan dit eintlik vir Kohlbrugge by die lees van die komma? Wel, eers (sonder komma) het Kohlbrugge die teks so geles: vir sover die mens vleeslik is, is hy verkoop onder die sonde. Vir sover die mens geestelik is, dit wil sê vir sover hy wedergebore en bekeerd is, is hy vry van die sonde. Met die ontdekking van die komma kom hy egter tot die gevolgtrekking: óók die wedergebore mens is in homself *slegs* vleeslik, verkoop onder die sonde.

Wie die preek onbevooroordeeld lees, kom tot die ontdekking dat Kohlbrugge beslis *nie 'n streep deur die Wet as reël van dankbaarheid* trek nie. Wel wys hy *dié beskouing af* as sou die mens, met die Wet in die hand, sy eie saligheid op 'n manier kon help bewerk. Uitdruklik verklaar hy wat volgens hom *die bedoeling van die Wet* is: om die mens van die sandgrond van sy eie werke te dryf en en na die Rots Christus te jaag. Christus alleen vervul die Wet vir ons en bewerk so ons heil.

Kohlbrugge druk hom sterk uit in die preek. Hy sê byvoorbeeld dat die Wet vir ons "'n lyk" geword het. Dit sê hy egter *nie* van die Wet as reël van dankbaarheid nie, maar *wel* van die Wet as middel in die mens se hand om sy heil ten dele of heeltemal self te bewerk.

In hierdie preek staan ook die beroemde uitspraak: Werp julle heiligingskrukke ver van julle af weg. Daarmee sal julle nooit die berg Sion opkom nie (Ps.24).

10 BREUK MET DIE REVEIL, BREUK MET DIE TYDSGEES

So ongeveer teen die einde van die agtiende eeu het daar onder ander in Nederland 'n beweging bekend as die Reveil (Herlewing, Revival) ontstaan. Kohlbrugge het hom ook by hulle geskaar. Juis in hierdie kring is sy preek oor Romeine 7 egter glad nie goed onvang nie.

In 'n skerp verwoorde brief het **Isaac da Costa**, hulle leier, Kohlbrugge van antinomianisme beskuldig. Sy mening was dat Kohlbrugge die derde deel van die Heidelbergse Kategismus, die oor die dankbaarheid of heiliging, nie tot sy reg laat kom nie. Volgens hom het Kohlbrugge wel 'n oog vir die werk van Christus *vir ons* (die regverdiging), maar nie vir die werk van Christus *in ons* (die heiliging) nie. Da Costa ontken dat ons heiliging iets is wat Christus as Borg buite ons deur sy volmaakte heiligheid bewerk het. Hy beperk ons heiliging dus tot die werk van Christus deur sy Gees in ons, dit wil sê die dankbaarheidslewe.

Da Costa se standpunt is beslis nie Skriftuurlik nie. Inteendeel, 1 Korintiërs 1 vers 30 (vgl. ook HK: v/a 18) verklaar uitdruklik dat Christus vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en *heiligmaking* en verlossing. Ook ons heiligheid is dus 'n geskenk van God in Christus. Daarmee word nie ontken dat die Heilige Gees nie ook heiligend op ons inwerk en ons dankbaar maak nie.

Uit Da Costa se brief kry 'n mens die indruk dat hy Kohlbrugge *nie goed verstaan* het nie. Kohlbrugge wys nie die Wet as reël van dankbaarheid af nie, maar wel alle wettisisme.

Of miskien het Da Costa Kohlbrugge se preek *juis wel goed verstaan*. Miskien het hy aangevoel dat bewegings soos syne - die Reveil - daarin aangespreek word. 'n Groot kenner van die Reveil, soek in die Metodistiese trekke van die Reveil die oorsaak vir die breuk tussen hulle en Kohlbrugge. Da Costa en sy volgelinge het, anders as Kohlbrugge, 'n te hoë dunk van die mens gehad. Kohlbrugge het dus op seer tone getrap.

In 'n lywige brief verwerp Kohlbrugge Da Costa se beskuldiging dat hy 'n *antinomiaan* is as 'n gruwelike en helse dwaling. Dat hy die derde deel van die Heidelbergse Kategismus verwaarloos, ontken hy ten sterkste.

Op 31 Oktober 1834 tree Kohlbrugge in die huwelik met Ursulina Philippina, barones van Verschuer.

11 KOHLBRUGGE SE HOUDING TEENOOR DIE AFSKEIDING

Aan die begin van 1834 het Kohlbrugge na Nederland teruggekeer. Dit was ook die jaar van die Afskeiding. Aangesien die ontstaanswortels van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika daar lê, is Kohlbrugge se standpunt in die verband ook vir ons belangrik.

Die Afskeiding in Nederland het begin met die verset van dominee Hendrik de Cock teen afdwalings in die Hervormde Kerk en sy verdediging van die Gereformeerde leer. Daaroor is hy in 1833 deur die provinsiale "kerkbestuur" sonder dat hy ooit aangehoor is geskors en afgesit.

Kohlbrugge het nie met die Afskeiding meegegaan nie. Aan dominee Hendrik de Cock, die "vader van die Afskeiding" en ook aan dominee Antonie Brummelkamp, 'n ander voorman van die Afskeiding, het hy briewe geskryf waarin hy die Afskeiding afwys. So sterk het hy daaroor gevoel, dat hy selfs aan Brummelkamp skryf dat die Afskeiding deur God vervloek is.

Blykbaar het De Cock Kohlbrugge om advies gevra oor die Afskeiding. Kohlbrugge se mening was dus wel vir hom belangrik. In sy brief aan De Cock keur Kohlbrugge wel De Cock se skorsing ten sterkste af. Sy advies aan laasgenoemde is egter: "Passief moet ons in alles wees". Daarmee bedoel hy beslis nie niksdoen nie, maar *preek*, en met preek bedoel hy dat kerkhervorming in die hande van *Christus Triomfator alleen* gelaat moet word. Die apostels, skryf hy, het nie geweld gebruik nie, maar het hulle predikamp getrou bly beoefen. Die geheim van die triomf van die apostels se prediking lê daarin dat hulle oorwin het deur die bloed van die Lam. Wie hier 'n ander weg wil inslaan, is erger as Ussa wat met eie hand die ark van God orent wou hou (2 Sam.6).

Kohlbrugge se advies kom hierop neer: die Lam sal die kerk herstel en Hy alleen. Al wat De Cock dus moet bly doen, is om die Lam te predik. Afskeiding daarenteen beteken vir Kohlbrugge om soos Ussa op menslike reddingsaksies te steun.

'n Mens kan Kohlbrugge wel nie heeltemal gelyk gee as hy sê dat die predikante net moet preek en nie mag afskei nie. Die probleem was immers dat verskeie predikante in die Hervormde Kerk nie meer Christus gepreek het nie of 'n ander Christus as die Bybel verkondig het. Wat moes dus van die lidmate word van gemeentes waar juis die enigste belangrike middel volgens Kohlbrugge, die prediking van Christus, ontbreek? Tog gee Kohlbrugge veel stof tot nadenke. Die gevaar van 'n afskeiding is inderdaad dat die mens kan dink dat hy die kerk met sy aktiwiteit moet en kan red. Dit is in stryd met die belydenis dat die Seun van God die kerk bewaar (HK: v/a 54).

12 TYDPERK IN UTRECHT: 1834-1846

Vanaf 1834 tot 1846 het Kohlbrugge en sy gesin in Utrecht gebly.

Hoewel kanselloos, was hy tog nie invloedloos nie. Veral deur *boeke* en *briewe* het hy sy invloed laat geld.

Die belangrikste *boeke* was een oor Romeine 7 en 'n ander oor Matteus 1. Ook oor laasgenoemde boek sou Kohlbrugge baie ernstige kritiek moes verduur. Daar is - verkeerdelik - gevoel dat die *sondeloosheid van Christus* daarin aangetas word.

Verder het hy 'n verbasende hoeveelheid *briewe* geskryf. Al was hy nie predikant nie, was hy tog pastoraal. Steeds het hy op *die Lam van God alleen* gewys. *Dit* is die kenmerkende nie alleen van sy boeke en preke nie, maar ook van sy korrespondensie. Hy word nie moeg daarvoor om enersyds die totale bankrotskap van die mens aan te toon en andersyds die algenoegsaamheid van Christus nie.

Hoe kan 'n mens aan wie geheel en al niks goeds is nie tog goed wees? So vra Kohlbrugge in 'n brief. Daarop antwoord hy: Net soos God hemel en aarde deur sy woord uit niks geskape het, net so is ons heilig, omdat God dit gesê het en ons begenadig het in die Geliefde. Dit kom alles uitsluitlik van God en van sy Lam.

In sy *briewe* is 'n massa Skrifverklarings. Die bekende Groen van Prinsterer het Kohlbrugge op 'n stadium versoek om dit te versamel en in boekvorm uit te gee. So het die boek *Opleiding tot recht verstand der Schrift* ontstaan.

13 PREDIKANT IN ELBERFELD

Ter wille van sy gesondheid het Kohlbrugge en sy gesin op 4 September 1845 na Godesberg in Duitsland vertrek.

Terwyl hy daar was, het hy 'n belangrike boek oor die betekenis van die Ou Testament geskryf. Daarin toon hy uit die Nuwe Testament aan dat die Ou Testament van Christus getuig en oor Hom handel. By vele mense en geleerdes ook in ons tyd is dit 'n vergete waarheid.

Terwyl Kohlbrugge in Godesberg was, het enkele broeders uit Elberfeld na hom toe gekom met die versoek om hom te ontferm oor die "verstrooide skape". Daarmee is bedoel lede van die Reformierte Gemeinde aldaar wat nie met die inmenging van die

regering in die kerklike lewe verlief geneem het nie en hulle daarom aan die kerklike lewe onttrek het.

Kohlbrugge het lank geaarsel, maar tog uiteindelik ingestem. Sy bedoeling was egter nie om 'n eie afgeskeide gemeente te stig nie. Intendeel, hy het gehoop om hierdie mense weer vir die kerk te kon terugwen.

Op 4 Junie 1846 het hy in Elberfeld aangekom en het hy begin om godsdiensoefeninge vir die "verstrooide skape" in sy eie huis te hou.

Dat Kohlbrugge nie met 'n afskeiding wou begin nie, kan ook in sy verdere optrede gesien word: op 2 November 1846 het hy naamlik aansoek gedoen om opgeneem te word in die Reformierte Gemeinde. 'n Kommissie van die kerkraad was heeltemal geneë daartoe. Wel wou hulle ten opsigte van 'n paar punte, onder andere sy beskouing oor die sondeloosheid van Christus, 'n nadere verduideliking hê. Kohlbrugge se antwoord het hulle bevredig. Hulle was eweneens toegeeflik insake Kohlbrugge se voorbehoud ten opsigte van die regeringsoptrede.

Later het die kerkraad egter 'n heeltemal ander uitleg as Kohlbrugge aan die gesprek met die kommissie gegee: hy moes sy aanhangers in die steek laat en sy dienste op Sondag staak. Dit was hoegenaamd nie Kohlbrugge se idee nie. Hy wou die eenheid van hierdie gelowiges met die Reformiert Gemeinde juis deur hierdie "dienste" probeer herstel.

Kohlbrugge het nou geen ander uitweg meer gesien as om voort te gaan met sy samekomste ten einde 'n eie gemeente daar te stel nie. Die Niederländisch-reformierte Gemeinde, is gestig en op 9 Mei 1848 is Kohlbrugge as predikant bevestig.

Die nuwe gemeente het die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Skotse belydenis as belydenisskrifte aanvaar. Daarby het hulle die liturgie van die Palts gevolg en hulle gehou aan die kerkorde van Jülich/Berg.

Ook na die totstandkoming van die gemeente het Kohlbrugge egter met alle mag daarna gestreef om te vermy dat die nuwe gemeente beskou sou word as 'n afgeskeie een. So het hy byvoorbeeld sy gemeente nog gebonde geag aan die plaaslike Lutherse en Gereformeerde gemeentes. Verder het hy studente wat by hom opgelei is as predikante, ook steeds weer terug verwys na die landskerke.

Uit Kohlbrugge se bediening in die gemeente is duidelik dat hy baie lief was vir die Heidelbergse Kategismus. Vir sy kerkisasie het hy gebruikgemaak van die Heidelbergse Kategismus met toeligting van homself daarby. Op sy sterfbed het hy ook nog gesê: "Die Heidelberger! Die eenvoudige Heidelberger! Hou daaraan vas, kinders!"

Kohlbrugge het ook in 1846 'n eie kategismus, *Die leer van heil*, opgestel. Op advies van sy vrou is dit nie gedruk nie, omdat sy bang was dat dit die Heidelbergse Kategismus kon verdring. Eers in 1903, met die honderdjarige herdenking van Kohlbrugge se geboortedag, is dit uitgegee. Dit is seker een van die belangrikste bronne in die ondersoek na sy teologie. Daarom het ek dit in Afrikaans vertaal.

Bo alles was Kohlbrugge prediker. Die meeste van sy gedrukte preke is ook vertaal, onder andere in Nederlands en Engels en selfs in Tsjeggies.

Later in sy lewe het Kohlbrugge verskeie male in Nederland gepreek. Die laaste keer was in 1871 in Amsterdam op versoek van die bekende Abraham Kuyper. Hy het selfs twee beroepe na Nederland gekry. So is hy tog in 'n sekere sin in ere herstel in die kerk wat hom so verguis het.

Op 5 Maart 1875 is hy oorlede.

14 KOHLBRUGGE SE BETEKENIS VIR ONS

Daar was nooit 'n tyd en daar sal ook nooit 'n tyd wees dat die boodskap van Kohlbrugge nie brandend aktueel sal wees nie. Die rede daarvoor is doodeenvoudig: die mens 'n ronde nul en Christus alleen alles - dit is die verkondiging van die evangelie.

Boonop staan ons voor dieselfde probleem as Kohlbrugge: wettisisme. Sedert die sondeval wou die mens nog altyd heeltemal of gedeeltelik sy heil in eie hand hou. Hy wil soos God wees. Dit geld nie alleen die sektes nie, maar ook ons as Gereformeerdes. Die Fariseër leef in elke mensehart. Paulus sê immers: die evangelie is nie na die mens nie (Gal.1:11). Daarmee bedoel hy: die evangelie van louter genade is *vir alle mense* 'n ergernis. Daarom is wettisisme 'n sonde waarteen elkeen van ons lewenslank moet stry.

Die skokkende bevindings van Johan Cilliers in sy boek *Die uitwissing van God op die kansel* dat meer as 90% van die radiopreke in 1994 en 1995 mank gegaan het aan wettisisme bevestig hoe aktueel Kohlbrugge vandag nog is.

Die afval en doodsheid in die kerk is vir elke troue herder en elke egte gelowige 'n bron van groot kommer. Die vraag is: weet ons nog wat die oplossing is? Kohlbrugge wys ons die Skriftuurlike weg, die enigste Weg: Christus alleen. Daarom: verkondig net die Woord en alles sal waaragtig regkom. Dit sê God self: die geloof is uit die gepredikte Woord (Rom.10:14-17). Preek die evangelie van die Lam wat geslag is vir mense wat in hulleself totaal verlore is. Die Lam is God se almagtige herskeppingswoord vir totaal magtelose mense. Hy alleen kan kerk en samelewing verander.